Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Sug van verligting, sug van verlange

Skriflesing: Romeine 8:22-27

Broodjies vir die pad

"May you experience each day as a sacred gift woven around the heart of wonder."
— John O'Donohue, Eternal Echoes: Celtic Reflections on Our Yearning to Belong

Imagination is more important than knowledge. For knowledge is limited to all we now know and understand, while imagination embraces the entire world, and all there ever will be to know and understand."
— Albert Einstein

"To see Paul positively does not mean endorsing everything he ever wrote."
— Marcus J. Borg, The First Paul: Reclaiming the Radical Visionary Behind the Church's Conservative Icon

"There are painters who transform the sun to a yellow spot, but there are others who with the help of their art and their intelligence, transform a yellow spot into sun"
— Pablo Picasso

"Salvation Is More About This Life than an Afterlife"
— Marcus J. Borg, Convictions: How I Learned What Matters Most

"But the moment we experience the ground beneath our feet dissolving and feel the loss of all certainties is the moment we touch upon the experience of the Cross."
— Peter Rollins, The Idolatry of God: Breaking Our Addiction to Certainty and Satisfaction

"The individual has always had to struggle to keep from being overwhelmed by the tribe. If you try it, you will be lonely often, and sometimes frightened. But no price is too high to pay for the privilege of owning yourself."
— Friedrich Nietzsche

"And now brothers, I will ask you a terrible question, and God knows I ask it also of myself. Is the truth beyond all truths, beyond the stars, just this: that to live without him is the real death, that to die with him the only life?"
— Frederick Buechner, The Magnificent Defeat

"For millions of years, mankind lived just like the animals. Then something happened which unleashed the power of our imagination. We learned to talk and we learned to listen. Speech has allowed the communication of ideas, enabling human beings to work together to build the impossible. Mankind's greatest achievements have come about by talking, and its greatest failures by not talking. It doesn't have to be like this. Our greatest hopes could become reality in the future. With the technology at our disposal, the possibilities are unbounded. All we need to do is make sure we keep talking."
— Stephen Hawking

"When your life awakens and you begin to sense the destiny that brought you here, you endeavour to live a life that is generous and worthy of the blessing and invitation that is always calling you."
— John O'Donohue, Eternal Echoes

"No one can give a definition of the soul. But we know what it feels like. The soul is the sense of something higher than ourselves, something that stirs in us thoughts, hopes, and aspirations which go out to the world of goodness, truth and beauty. The soul is a burning desire to breathe in this world of light and never to lose it--to remain children of light."
— Albert Schweitzer

"There are two occasions when the sacred beauty of Creation becomes dazzlingly apparent, and they occur together. One is when we feel our mortal insufficiency to the world, and the other is when we feel the world's mortal insufficiency to us."
— Marilynne Robinson, Gilead

"Soul-making is a journey that takes time, effort, skill, knowledge, intuition, and courage. It is helpful to know that all work with soul is process alchemy, pilgrimage, and adventure so that we don't expert instant success or even any kind of finality. All goals and all endings are heuristic, important in their being imagined, but never literally fulfilled.
— Thomas Moore, Care of the Soul: Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

"There is a widespread sense of loss here, if not always of God, then at least of meaning."
— Charles Taylor, A Secular Age

"But he cannot see a connection between the end of yearning and the end of poetry. Is that what growing up amounts to: growing out of yearning, of passion, of all intensities of the soul?"
— J.M. Coetzee, Youth

"And we who loved the world must learn the language of absence: days foreshortened, empty rooms, the irrevocable distance between the goodbye and the letting

go."
— Joe Bolton, The Last Nostalgia: Poems, 1982–1990

"Faith, then, is not a set of beliefs about the world. It is rather found in the loving embrace of the world. Because the actual existing church has reduced the Crucifixion and Resurrection to religious affirmations held by a certain tribe, rather than expressions of a type of life, the event they testify to has been almost completely eclipsed."
— Peter Rollins, The Divine Magician: The Disappearance of Religion and the Discovery of Faith

'Kiss of the Spider Woman' noodsaaklike teater vir vandag

Laetitia Pople

Hy het lanklaas so aanklank by 'n karakter gevind soos met dié van Molina in *Kiss of the Spiderwoman*.

"Dit is sekerlik 'n droomrol, besonder uitdagend, dit gebeur nogal min dat jy 'n karakter kan speel wat amper dieselfde emosionele landskap as jy het."

Die teaterskepper Wessel Pretorius kan nie uitgepraat raak oor sy rol in die klassieke tweemanstuk gegrond op 'n roman deur die Argentynse skrywer Manuel Puig nie.

Die drama is dalk meer aan lesers bekend as die rolprentweergawe van die jare tagtig met William Hurt en Raul Julia. Dit is na wete die eerste keer dat dit in Suid-Afrika as toneelstuk opgevoer word.

Sylvaine Strike is die regisseur van die stuk wat van 5 tot 19 Junie in die Baxter-teater in Kaapstad op die planke is.

Dit speel te midde van die Argentynse revolusie van die jare sewentig in 'n tronksel af en behels die interaksie tussen 'n swart man en 'n queer wit man.

Molina is 'n winkelversierder en Valentin 'n revolusionêr. Molina is in die tronk weens seksuele oortredings as gay man en Valentin vir sy politieke bedrywighede. In hul sel verwyl hulle die tyd met Molina se fantasievlugte en herverbeeldings van tonele uit ou rolprente. In die prente figureer die verleidelike spinnekopvrou van die titel.

Baie raakpunte met die Suid-Afrikaanse politiek in die verlede, maar ook nou, kan uitgelig word, meen Pretorius. "Waar het jy toe wit en swart saam in dieselfde tronksel gekry en dan was een nog boonop queer?" vra Pretorius.

"Strike ondersoek onder meer manlikheid en ras, maar veral manlikheid, sou ek sê. Daardie tyd het daar nie eens 'n woordeskat met woorde soos 'transgender' bestaan nie, daar was nog nie eens 'n 'queer theory' nie, daar was nog nie eens 'pronouns' nie. Dit is 'n tragiese uitbeelding en die stuk kaats terug aan ons waar ons was, waar ons nou is en watter pad nog geloop moet word.

"Dit gaan ook baie oor hoe my karakter homself sien, eintlik as 'n vrou, hoewel hy fisiek 'n man is. Mense is toe meer 'ge-other' as nou, nou is daar dalk meer insig, maar nog nie genoeg nie."

Dit is die eerste keer dat Pretorius, wat benewens 'n bekroonde dramaturg 'n regisseur in eie reg is, saam met Strike werk. "Wie droom nie daarvan om saam met Sylvaine te werk nie? Sy werk so gedetailleerd, so organies en baie presies. Dit is lekker om weer 'n proses te hê."

Strike is bekend om die meer onlangse produksies in die Baxter van *Endgame*, *Curse of the Starving Class*, *Tartuffe* en *The Miser*.

Hy meen die teatergemeenskap rou omdat die inperkings van Covid-19 die bedryf hard geslaan het. Om iets van dié kaliber nou op te voer, inspireer en gee soveel hoop, meen hy. "Dit is dus opwindend en dit maak my so gelukkig."

Met die stuk lei die teater die viering van die terugkeer na lewende teater asook met die grootskaalse opvoering van *Life and Times of Michael K.* onder spelleiding van Lara Foot.

Puig was 'n Argentynse skrywer wat die meeste van sy lewe in ballingskap in Mexiko gewoon het. Sy Spaanse roman *El beso de la mujer araña* (*Kiss of the Spider Woman*) het in 197 verskyn en is verwerk as draaiboek vir 'n gelyknamige Engelse rolprent in 1985. Later was dit ook 'n musiekblyspel.

Die akteur Mbulelo Grootboom (*Rainbow Scars*, *Iagos Last Dance* en *Hamlet*) vertolk die rol van Valentin teenoor Pretorius se Molina. Pretorius is bekend om stukke soos *Ont*, *Die ontelbare 48* en *Balbesit*. Grootboom en Pretorius was saam in *Balbesit* te sien.

Die drama word as 'n reis van selfontdekking beskryf. Gehore kan gereed wees vir intrige, romanse, revolusie, liefde en verraad. Wat op die oog af lyk na 'n storie oor twee mense wat skynbaar teenpole van mekaar is (romanties en revolusionêr), ontwikkel in 'n verhaal van politieke intrige en bedrog. Eintlik handel dit oor twee verskillende invalshoeke op die lewe – dit handel oor vryheid en slawerny.

Die drama lewer steeds uitdagende kommentaar oor die norme van die samelewing; dit ondersoek die mag van ontvlugting danksy die verbeelding en verken ook die verband tussen identiteit en seksualiteit.

"Ons lewe nou in 'n tyd waar inperking deel is van ons woordeskat. Ons lewe ook in 'n tyd waar dit van wesenlike belang is om ons beperkte begrip van genderpolitiek te verruim," sê Strike in 'n mediaverklaring.

"Die besluit op die seminale toneelstuk na vandag se revolusionêre klimaat na die verhoog te bring, is duidelik en noodsaaklik."

Die beligtingontwerp is deur Mannie Manim, die musiek deur Brendon Jury en stel- en kostuumontwerp deur Wolf Britz.

Daar is beperkte sitplekke weens Covid-19-maatreëls. Die dra van maskers is verpligtend. Sosiale afstand moet gehandhaaf word. Gehoorlede word versoek om 'n uur voor die aanvang van die toneelstuk te arriveer om vertragings te voorkom.

• *Kiss of the Spider Woman* word van 5 tot 19 Junie om 19:00 in die Baxter se Golden Arrow Studio opgevoer en Saterdae is daar middagvertonings om 14:00. Die ouderdomsbeperking is 15. Bespreek by Webtickets by 086 111 0005, of aanlyn by www.webtickets.co.za of by Pick n Pay-winkels.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Teater/kiss-of-the-spider-woman-noodsaaklike-teater-vir-vandag-20210518

Brood vir die pad

In dié wêreld: 'Ek het sein, daarom is ek'

Wilhelm Jordaan

'Jy breek op! Ek het nie 'n sein nie. Daar is geen seine op dié godverlate plek nie! Hier sal jy moet ver ry om sein te kry.

Pa, ek kry nie my games oop nie. Wat gaan aan?"

Dit is enkele brokkies digi-taal wat vertel hoe seinbehep ons geword het. Sonder seine voel die meeste van ons verlore, uitgelewer en ondoeltreffend. Dis amper of die filosoof Descartes se cogito ergo sum (ek dink, daarom is ek) nou vertaal tot: "Ek het sein, daarom is ek."

Soos die verteller in Marguerite Poland se roman Recessional for Grace sê: "We cannot live without that little signal any more, its comfort and security – 'you have active diverts' – to keep our fear at bay."

Dit vertel iets van ons menswees, die vrees om sonder sein te wees in die "info-sfeer", wat jou insuig in 'n netwerk van geseinde inligting wat jou bestaan vergemaklik én dikteer. Dit is of 'n nuwe "saligspreking" gekom het om te bly: Ge-seënd is hulle wat inligting het, want hulle sal eerste én die meeste weet.

Ons soek byna besete na verbinding en inligting, maar word dikwels daardeur verwar. Soos wanneer daar oor belangrike sake botsende inligting is; meer as een relaas oor dieselfde werklikheid. Hoe onderskei ons? Miskien daarom dat die redakteurs van die Oxford-woordeboek al die woord "post-waarheid" as 'n woord van die jaar gekies het. Want skyn het belangriker as waarheid geword en 'n beroep op emosie en passie het voorrang bo die rasionele weeg van gegewens.

Só kan dit dan gebeur dat jy eerste en die meeste weet van dit wat die minste waar is! Bedink só die krag van sosiale media en jy skrik as jy die gevolge van die berekende leuen, wanvoorstelling en misleiding sien. Baie mense versink só, sonder om twee keer te dink, in die vuilput van post-waarheid.

Net so rampspoedig is dat ons selde bewus is van hoe genadeloos die info-sfeer op ons inwerk.

Dikwels word net 'n deel van die beskikbare inligting verwerk en die res geïgnoreer. Dit gebeur dan dat jy, sonder om dit te besef, besluite neem wat nie die groter prentjie verreken nie.

Inligting word ook foutief verwerk. Omdat jy so haastig is, gaan belangrike dinge by jou verby. Jy vertolk die inligting verkeerd en neem swak besluite. Omdat daar te veel inligting is, verwerk jy dit volgens vooropgestelde opvattings. Onwetende verdraai jy die inligting of jy oorreageer op 'n klein onderdeel daarvan.

Ontsnapping van die inligtingslas laat mense vreemd optree. Sommige vergeet van dit wat nog gedoen moet word; ander reken take is afgehandel terwyl dit ver van klaar is. Nog ander bestee ure aan die herskedulering van hul take en leef in die illusie dat hulle eintlik in beheer is.

Sonder die info-sfeer en sy eindelose seine kan ons nie bestaan nie. Maar ons moet ook verstaan hoe ons geskarrel om sein en onmiddellik benutbare inligting te hê ons algaande vervreem van die spirituele sfeer – van waaruit jou mensheid smag na rus in die stil middelpunt van lewensin.

** Jordaan is 'n emeritus-professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/in-die-wereld-ek-het-sein-daarom-is-ek-20210518

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877